

Kleutergenot Wenke



Aangename Kinders



Die taak van ouers, opvoeders en oppassers is om te verseker dat elke kind eendag sy/haar plek in die samelewing kan inneem. Dit is dus belangrik om van kleins af seker te maak dat 'n kind aangenaam is vir ander, goeie maniere openbaar, 'n positiewe bydrae lewer, uitdagings reg hanteer en selfstandig optree.

Positiewe aandag en erkenning



In plaas daarvan om te raas en te baklei oor negatiewe gedrag, het erkenning vir gepaste gedrag 'n meer sinvolle uitwerking. Die kind leer reeds van babatyd af om sekere gedrag te openbaar om aandag te kry. Indien meer aandag aan positiewe gedrag gegee word, is die kind geneig om meer gereeld aanvaarbare gedrag te openbaar. Kinders behoort te weet en te hoor dat ons trots op hulle is wanneer hulle iets bereik, selfs al is dit 'n klein mylpaal.

Konsekwentheid



Dit is nodig om altyd konsekwent te wees sodat 'n kind kan leer om te onderskei tussen reg en verkeerd. As ons elke keer 'n ander besluit maak vir dieselfde situasie kan dit 'n kind verwar, of nog erger, hy/sy kan probeer om mens te manipuleer om van plan te verander. Dit het 'n toetsing van perke tot gevolg wat op die ou end vir volwassene sowel as kind onaangenaam is.

Roetine



Roetine het 'n impak op 'n mens se bewussyn en onderbewussyn. 'n Vaste roetine laat 'n kind veilig voel en gee hom/haar 'n gevoel van beheer. Die kind weet dan wat om te verwag en kan dus daarvoor voorberei. Alhoewel kleuters nog nie 'n begrip vir tyd het nie, is dit steeds belangrik om hulle in dieselfde tydsgleuwe te laat eet, slaap en opstaan. Die rede hiervoor is dat 'n mens se onderbewussyn ook 'n roetine volg en dat 'n mens ongemaklik is wanneer daarvan afgewyk word. Deur roetine kan huilerigheid en onaangename gedrag beperk word.

Verandering



Wanneer verandering plaasvind, is daar altyd 'n aanpassingstydperk. Ons vergeet partykeer om kinders hulle aanpassingstydperk te gun wanneer hulle omstandighede verander. Net soos volwassenes gaan kinders deur dieselfde veranderingsiklus (ontkenning, blamering, verset, onderhandeling, aanvaarding, bemeestering). Dit is belangrik om 'n kind tyd te gun om 'n nuwe situasie volledig te verwerk.

Privaatheid



'n Kind behoort van 'n baie vroeë ouderdom af geleer te word dat sy liggaam privaat is en dat indien enigiets hom/haar ongemaklik laat voel, hy/sy die vrymoedigheid moet hê om daaroor te praat. 'n Gesonde verhouding met jou kind vergemaklik sulke gesprekke.

Merk besittings



Deur 'n kind se besittings te merk, help jy om hom/haar uniekheid en identiteit te vestig. Wys waar klerre gemerk is dat hy/sy dit maklik kan uitken en bêre. Die kind leer die waarde van onafhanklikheid deur verantwoordelikheid vir sy/haar besittings te neem.

Selfstandigheid



Selfstandigheid begin al op 'n vroeë ouderdom vestig en hoe meer 'n kind vir hom/haarself kan doen, hoe vinniger sal hy/sy ontwikkel. Dit neem normaalweg langer vir 'n kind om 'n taak te verrig as vir 'n volwassene, so maak dus genoeg voorsiening vir die tyd wat 'n kind sal neem om iets self te doen in plaas van om die taak oor te neem en namens hom/haar te doen.

Verveeldheid



Dit is die moeite werd om altyd 'n verskeidenheid speelgoed en boekies byderhand te hê, veral vir kerk, winkeluitstappies en kuiers by vriende. 'n Verveelde kind is geneig om iets te soek om te doen en dit mag nie noodwendig ander se goedkeuring wegdra as die kind met iemand anders se eiendom peuter nie.

Bly in kontak



kleutergenot.co.za

012 345 2990 / 012 345 6063

kontak@kleutergenot.com

www.facebook.com/KGN.Kleuter

Hoek van Johemstraat en Petrusstraat, Rietvalleirand

